

20 OKTOBER 2026

GEMEENSKAPSONTWIKKELING BRIEF



GEMEENSKAPSDAGBOEK

Datum Usuku	Afsny datum	Geleentheid Inkqubo	Lokaal Indawo	Tyd Ixesha	Kostes Ixabiso
23-25 Okt	19 Okt	Mannekamp	Boy Muller	19:00	R850 per persoon

GEMEENSKAPSNUUS / IINDABA ZOLUNTU

NPO AGM Terugvoering

Op Saterdag, 17 Oktober, het 39 GOB's by ons NPO se Algemene Jaarvergadering by Dankbaar, Ceres, byeengekom. Dit was 'n geleentheid om terug te kyk op die afgelope jaar se hoogtepunte, projekte en suksesse, asook om vorentoe te kyk na nuwe geleenthede en planne.

Verskeie projekte het uitgestaan, maar daar is veral een waaroor die vroue steeds met groot entoesiasme gesels: vanjaar se **BeYOUtiful** Vrouekamp! Die kamp het duidelik 'n besondere indruk gemaak en is 'n bewys van die waarde wat sulke geleenthede toevoeg tot die vroue en gemeenskappe met wie ons werk.

Dit is juis hierdie stories, groei en positiewe impak wat ons motiveer om voort te bou op ons werk en saam 'n verskil te maak.

Ingxelo yeNtlanganiso Jikelele yoNyaka ye-NPO

NgoMgqibelo, umhla we-17 ku-Okthobha, ii-GOB ezingama-39 zadibana eDankbaar, eCeres, kwiNtlanganiso Jikelele yoNyaka ye-NPO yethu. Yayilithuba lokujonga emva kwizinto eziphambili eziphunyeziweyo, iiprojekthi kunye nempumelelo yonyaka ophelileyo, kwakunye nokujonga phambili kumathuba amatsha nakwizicwangciso zexesha elizayo.

Iiprojekthi ezininzi ziye zabalasela, kodwa kukho enye ingakumbi abasetyhini abasathetha ngayo ngochulumanco olukhulu: **iBeYOUtiful** Vrouekamp yalo nyaka! Le nkampu ishiye umkhondo okhethekileyo ezintliziyweni zabasetyhini, kwaye ibonisa ngokucacileyo ukubaluleka kwamathuba anjalo kubasetyhini nakuluntu esisebenza nalo.



Ngamabali anjengala, ukukhula kunye nefuthe elihle esilibonayo, sifumana inkuthazo yokuqhubeka nomsebenzi wethu nokusebenzisana ukwenza umahluko obonakalayo kubomi babantu.



Sp(i)eel Collective: Jeug inisiatief

Ons is baie opgewonde om **Spieel Collective Arts Therapy** as 'n nuwe inisiatief vir hoërskoolleerders tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar bekend te stel. Deur middel van kreatiewe kunst terapie kry jongmense die geleentheid om hulself uit te druk, emosies te verken, selfbewustheid te ontwikkel en nuwe maniere te ontdek om uitdagings te hanteer.

Belangrike datums en inligting:

- **Inskrywings open:** 27 Oktober
- **Inskrywings sluit:** 27 November
- **Onderhoude:** Leerders wat aansoek doen en na die tweede rondte deurdring, moet asseblief beskikbaar wees vir 'n onderhoud gedurende die week van 30 November tot 3 Desember.
- **Oriëntering:** Leerders wat gekeur word, sal gedurende Desember 'n oriënteringssessie bywoon.
- **Sessies:** Die program behels werksinkels wat vroeg in Januarie, op Saterdag en gedurende die April-skoolvakansie sal plaasvind.

Alle sessies sal by die sentrum aangebied word. Sentrale vervoer sal vanaf Hamlet en Ceres na die sentrum en terug beskikbaar wees.

Belangrik: Leerders moet toegewyd wees en bereid wees om die volle werksinkels by te woon.

Hou ons briewe en sosiale media dop vir meer inligting oor hierdie opwindende geleentheid! Slegs 30 plekke is beskikbaar.



Liewe deelnemer

Ons is sp(i)eel arts therapies collective, 'n groep wat hou van drama, dans, sing en kuns maak, en ons is genooi om 'n program in jou gemeenskap aan te bied met die naam: **Ons stories, ons krag: Kuns, kultuur en ons toekoms.**

WAT IS DIT?

Dis 'n geleentheid waar jy drama, dans, musiek en kuns kan gebruik om uiting te gee aan wat in jou aangaan – daardie dinge wat soms moeilik is om in woorde uit te druk. Asook om die dinge wat ons ondersteun en sterk maak uit te beeld. Geen twee sessies lyk dieselfde nie, en geen twee mense beleef dit op presies dieselfde manier nie.

Jy het geen ervaring nodig nie. Jy hoef nie “goed” te wees met drama, kuns of dans nie. Dit gaan nie daaroor om perfek op te tree of iets perfek te maak nie – dit gaan daaroor om saam te verken, teen jou eie pas, in 'n ruimte waar jy veilig kan opdaag net soos jy is.

WAT ONS VAN JOU VRA

Daag op – Kom so gereeld as wat jy kan na jou sessies – die groep werk die beste wanneer almal daar is.

Wees deel van die vertoning– Dit is waar alles bymekaarkom, en ons wil jou daar hê.

Wees oop– Jy hoef nie alles te deel nie, maar wees bereid om dinge te probeer, selfs al voel dit aanvanklik 'n bietjie onbekend.

Respekteer die ruimte– Wat in die groep gedeel word, bly in die groep. Wees vriendelik teenoor jouself en almal anders in die vertrek.

Wees betyd– Waar jy kan, sodat ons die meeste van ons tyd saam kan maak.

Dis al. Bring jouself saam – dis regtig al wat nodig is. Ons sien uit daarna om saam met jou te skep, te verken en te ontdek.

ONS HOOP HIERDIE RUIMTE HELP MET DINGE SOOS:

- Om meer selfvertroue te hê.
- Om jou kultuur en identiteit beter te leer ken.
- Om saam met mekaar resilience op te bou vir wat die lewe ook al oor julle pad bring.
- Om mense om jou te hê wat jou verstaan.

AAN DIE EINDE

Daar is 'n **vertoning** – 'n geleentheid om ietsie te deel van wat julle geskep het met julle gemeenskap, en om alles tecelebrate wat uit die groep voortgekom het.

sp(i)eel
arts therapies collective



Sp(i)eel Collective: Inkqubo yoLutsha

Sichulumancile kakhulu ukwazisa nge-**Spieel Collective Arts Therapy**, inyathelo elitsha elijolise kubafundi bezikolo eziphakamileyo abaphakathi kweminyaka eli-13 ne-18 ubudala. Ngonyango lobugcisa bokuyila, ulutsha luya kufumana ithuba lokuziveza, ukuphonononga iimvakalelo zalo, ukuphuhlisa ukuzazi nokuqonda iziqu zalo, kunye nokufumanisa iindlela ezintsha zokujongana nemingeni yobomi.

Imihla ebalulekileyo nolwazi:

- **Ukuvulwa kwezicelo:** 27 Oktobha
- **Ukuvalwa kwezicelo:** 27 Novemba
- **Udliwano-ndlebe:** Abafundi abafake izicelo nabaphumelelayo ukuya kwinqanaba lesibini kufuneka bafumaneke kudliwano-ndlebe phakathi kweveki yomhla wama-30 Novemba ukuya kumhla wesi-3 Disemba.
- **Ukuqhelaniswa nenkqubo:** Abafundi abaya kukhethwa baya kuzimasa iseshoni yokuqhelaniswa nale nkqubo ngoDisemba.
- **Iiseshoni:** Le nkqubo iza kubandakanya iindibano zocweyo eziza kuqhutywa ekuqaleni kukaJanuwari, ngeMigqibelo nangeholide yesikolo ka-Epreli.

Zonke iiseshoni ziya kubanjelwa kwiziko lethu. Uthutho luya kulungiselelwa ukusuka eHamlet naseCeres ukuya kwiziko lethu nokubuyela emva.

Kubalulekile: Abafundi kufuneka bazimisele kwaye bazibophelele ekuthatheni inxaxheba kuzo zonke iindibano zocweyo ezicwangcisiweyo.

Landeleni iileta zethu kunye namakhasi ethu onxibelelwano lwentlalo ukuze nifumane iinkcukacha ezithe vetshe ngeli thuba linika umdla!

Gedagte vir die week



Vriendelike groete,
*Die Gemeenskapsontwikkeling
span*

